BURGER 19 Mei 1939

# WELSLAE VAN REPATRIASIE UIT ARGENTINIË

## LAASTE GROOT GESELSKAP MÔRE IN KAAPSTAD

**SPYT oor die grootse onderneming om Afrikaners uit Argentinië te repatrieer, bly ver van sowel die gerepatrieerdes as die organiseerders.**

**Met die koms van die laaste groot geselskap môre is die taak om hulle terug te bring feitlik agter die rug, hoewel die nasorgwerk nog geruime tyd sal duur. Van aansienlike welslae met albei aspekte van die onderneming word getuig.**

Ds. A. D. Luckhoff, sekretaris van die Algemene Armesorgkommissie, het gister aan 'n verteenwoordiger van Die Burger verklaar dat ook vir die nuwe aankomelinge altans tydelike voorsiening gemaak is. Daarby het hy nadruk gelê op die feit dat nie almal afhanklikes is nie.

Uit die tien geselskappe wat vanaf 1937 gerepatrieer is, bestaande uit altesame 368 siele (173 volwassenes), kan nie minder as 175 beskou word as 'n groep selfstandiges (98 volwassenes en 75 kinders). Hulle tel sowat 36 huisgesinne en het geen hulp nodig gehad nadat hulle hulle hier gevestig het nie.



*Ds. A. D. Luckhoff*

In die geselskap wat môre aankom, is ook 'n hele aantal wat self hul weg kan vind—party enigsins gegoed en ander net mooi selfstandig.

verdere hulp van die Kerk oor die weg sal kom. Party is by familie, drie huisgesinne is op staatsnedersettings, 'n paar is op plase by boere, terwyl nog 'n aantal weduwee- of ouderdomspensioen ontvang.

### TYDELIK GEVESTIG

Nog 'n groep, wat bestaan uit 117 persone (43 volwassenes en 74 kinders) en sowat 20 huisgesinne insluit, is ook afhanklik dog alleen tydelik gevestig. Hierdie getal kan beskou word as die van die uitgewekenes wat nog aan iets blywends gehelp moet word. Daar word gehoop dat party van hulle op nedersettings vaste plek sal vind.

Vir nagenoeg agt gesinne in hierdie slegs tydelik geholpe groep, van wie die meeste nog op plase by welwillende boere is, is die vooruitsigte 'n bietjie minder gunstig. Die vernaamste rede is dat die vaders ouer as 50 en ongeskik is. Oorleg word nog gepleeg om uitkoms vir hulle te kry.

Ds. Luckhoff het met groot waardering gepraat van die hulpvaardigheid wat gemeentes en vriende aan die dag gelê het om te help. Hy het egter

nc
m
p.
n-
le
rd

et
ur
ze-

be-
ad-
lf-
ase
die



*Ds. A. D. Luckhoff*

is.
al
(1
ka
175
as
sta
was
kin
sow
sinn
hulp
nada
hier
nie
In



*Ds. A. D. Luckhoff*

wassenes en 75 kinders). Hulle tel sowat 36 huisgesinne en het geen hulp nodig gehad nadat hulle hulle hier gevestig het nie.

In die geselskap wat môre aankom, is ook 'n hele aantal wat self hul weg kan vind—party enigsins gegoed en ander net mooi selfstandig.

**KINDERS NA SKOLE**

Vir ander afhanklikes het die gemeentes Loxton, Piketberg, Heidelberg (Kaapland) en vriende op Franschhoek tydelike voorsiening aangebied, totdat 'n vaste heenkome vir hulle gevind kan word. Party gaan na plase waar hulle vir onderhoud werk.

Die allereerste stap sluit ook pogings in om die kinders so gou moontlik by skole of koshuise te kry, sodat hulle sonder versuim enige agterstand kan probeer inhaal. Aanduidings is totnogtoe, aldus ds. Luckhoff, dat die Argentynse Afrikanertjies fluks leer.

„Hulle is in die algemeen vlytig in die skool," het hy gesê. „Die onderwys van die kinders was juis een van die faktore wat die ouers baie na aan die hart gelê het, en dit is een van die kwessies wat hulle hierheen gebring het."

**KAN SPAANS PRAAT**

Hy het terloops daaraan toegevoeg dat baie van die kinders Spaans vlot kan praat en skrywe, en dat dit byna jammer is dat hulle dit hier so gou verleer.

Afgesien van genoemde groep selfstandiges onder die uitgewekenes wat reeds 'n tyd lank in Suid-Afrika terug is, het 'n groot aantal al heeltemal geholpe geraak.

Vyftien huisgesinne (78 persone—31 volwassenes en 47 kinders) wat afhanklik hier aangekom het, is in soverre gevestig dat hulle waarskynlik sonder nedersettings vaste plek sal vind.

Vir nagenoeg agt gesinne in hierdie slegs tydelik geholpe groep, van wie die meeste nog op plase by welwillende boere is, is die vooruitsigte 'n bietjie minder gunstig. Die vernaamste rede is dat die vaders ouer as 50 en ongeskik is. Oorleg word nog gepleeg om uitkoms vir hulle te kry.

Ds. Luckhoff het met groot waardering gepraat van die hulpvaardigheid wat gemeentes en vriende aan die dag gelê het om te help. Hy het egter daarop gewys dat die groot werk nog nie agter die rug is nie, en dat welwillende steun nog vereis word.

**KON NIE WEGKOM**

Volgens sy jongste inligting sal die laaste groot geselskap uit sowat 81 bestaan. Daar sou eers meer gewees het, dog sommige kon weens onvermydelike omstandighede nie betyds wegkom nie.

Die name van die gesinne is reeds volledig in Die Burger verstrek. Onder diegene wat in die lys vermeld is en nie môre kom nie, is die volgende: mnr. G. L. de Lange, met sy eggenote en kinders; mnr. S. A. Smit en gesin, en mnre. L. L. en E. Botha en Watson, benewens nog 'n paar van wie die name nie ontvang is nie.

## VANDAG IN DIE VOLKSRAAD

Nadat die vrae vanmiddag in die Volksraad afgehandel is, sal mnr. C. H. Geldenhuys voorstel dat die Regering versoek word om die wenslikheid te oorweeg (1) om deur middel van subsidies en lenings boere te help met die aankoop van omheiningsmateriaal; (2) om meer voorsiening te maak vir boormasjiene; en (3) om geriewe te skep vir meer landboukundige onderrig in dele waar die behoefte bestaan. Mnr. Humphreys sal 'n amendement voorstel dat ondersoek ingestel word na die vraagstukke van veldbeheer (veldverarming, oorbeweiding, voerbewaring, ens.).

EN -SIGARETTE. WAARDE VIR GELD. ROOK KOMMANDO-TABAK EN